

*Om beurtelings 'n
Rooihuid en nar
te wees, of van
'n heks in 'n lieflike
ballerina te kan
verander, klink
na 'n kinderdroom.
Jy kan jou kind se
drome bewaarheid
deur gou hierdie
maklike kostuums
te maak*



Uit 'n sprokie

HEKS

Benodigdhede: 1,25 m swart materiaal; bypassende gare; 1 m rek.

Mate: Sal 'n kind van 5 tot 6 jaar pas.


Natrek van patroon: Die patroon vir die bloes bestaan uit drie dele: voorpant, agterpant en mou. Naattoelating is 1,5 cm. Knip papierpatroondele volgens aanwysings op diagram uit.

Uitlê van patroon: Vou materiaal met verkeerde kante opmekaar, en selfkant op selfkant. Lê patroondele versigtig uit, speld vas en knip soos volg uit: Knip een agterpant uit met middelagter op vou geplaas. Knip een voorpant uit met middelvoor op vou geplaas. Knip twee moue uit (d.w.s. knip een keer uit dubbel gevoude materiaal). Knip romp 1 m x verlangde lengte (ongeveer 50 cm).

Aanwysings: Romp: Stik romp se middelagternaat toe met regte kant na binne. Vou romp bo 2 cm na verkeerde kant om en stik. Ryg rek deur. Knip rompsom sodat dit toingrig lyk.

Bloes: Stik moue aan voorpant. Stik moue aan agterpant met regte kante op mekaar. Stik mou- en synate. Slaan halsrand 1,5 cm na verkeerde kant om en stik. Ryg rek deur. Knip some van moue en bloes sodat dit verflenterd lyk.

Kopdoek: Knip 'n driehoek uit oorblywende materiaal en bind die punte onder die kind se ken vas.



ROOIHUID

Benodigdhede: 1,5 m katoenstof; bypassende gare; 0,5 m rek; twee vere.

Mate: Sal kind van drie tot vier jaar pas.

Natrek van patroon: Die patroon het drie dele: pant vir broek; voor- en 'n agterpant vir baadjie. Naattoelating is 1,5 cm.


Knip papierpatroon volgens aanwysings op diagram uit.

Uitlê van patroon: Vou materiaal met verkeerde kant na binne en selfkante op mekaar. Lê patroondele versigtig uit, speld vas en knip uit. Knip broekpant dubbel uit. Knip die onderbaadjie se voorpant dubbel uit en die agterpant ook dubbel met middelagter op vou.

Aanwysings: Onderbaadjie: Stik agterpant en voorpante by skouer- en synate aanmekaar. Knip drie stroke materiaal (een van 8 cm x 90 cm en twee van 8 cm x 25 cm). Werk die lang strook rondom die onderbaadjie se soom vas en die twee ander stroke skuins oor die voorpante (sien foto). Knip stroke in 5-mm-repe om fraiings te vorm.

Broek: Stik kruisnate voor en agter toe met verkeerde kante na buite en stik binninate

NA BLADSY 120



van broekspye toe. Slaan broek bo 2 cm na verkeerde kant om en ryg rek in. Soom broekspye 2 cm om en stik. Werk 8 cm breë stroke, die lengte van die broek, aan kante van broek en knip 5-mm-repe om fraiings te vorm.

Vereband: Knip 'n strook materiaal, vou die rafelrande in en werk die vere vas. Bind om kind se kop.

NAR

Benodigdhede: 1 m geel materiaal; 1 m groen materiaal; een groot knoop; 1 m rek.

Mate: Sal 'n kind van 3 tot 4 jaar pas.

Natrek van patroon: Die patroon bestaan

uit vier dele: broek se voor- en agterpant (een pant); hemp se voorpant; agterpant en mou. Naattoelating is 1,5 cm.

Knip papierpatroondele volgens aanwysings op diagram uit.

Uitlê van patroon: Lê patroondele uit, speld vas en knip soos volg uit: Knip broek se voor- en agterpant een keer uit geel materiaal en een keer uit groen materiaal. Knip voor- en agterpant van hemp een keer uit geel en een keer uit groen materiaal. Knip mou een keer uit geel en een keer uit enkel groen materiaal. Knip een strook, 20 cm x 64 cm, uit geel materiaal vir halsval. Knip een strook, 14 cm x 64 cm, uit groen materiaal vir halsval. Knip een strook, 12 cm x 30 cm, vir knoop se roset uit geel materiaal.

Aanwysings: Broek: Stik kruisnate voor en agter met regte kante op mekaar. Stik nou binnebroekspynaat. Vou broek bo 2 cm na verkeerde kant om en stik vas. Ryg rek deur. Vou broekspysome 2 cm na verkeerde kant om en stik vas. Ryg rek deur.

Hemp: Stik agterpante by middelagter aanmekaar met regte kante op mekaar. Stik agterpant en twee voorpante by skouer- en synate aanmekaar. Stik mounate en werk moue in hemp in. Vou elke val oor die lengte in die middel en stik by kort sye toe. Keer regte kant na buite en ryg in sodat dit op halsrand pas.

Stik aan hemp vas. Werk middelvoornaat met 1,5-cm-toelating vas. Werk mousome en hempsom af deur 2 cm na verkeerde



Die verleidelike Pres-Les-satyn-versameling. Soos alle Pres-Les-ontwerpe is dit beskikbaar met bypassende bedoortreksel, kussingslope en maatgemaakte gordyne en ander bykomstighede.

'Die meeste vroue is bang om te koördineer totdat hulle sien hoe maklik dit met Pres-Les is.'

Daleen Pretorius.

"Daar is so baie mense wat dink dat hul huise nooit na iets besonders sal lyk nie – totdat die lieflike Pres-Les-skeppings in hul huise gedemonstreer word".

Drome vir elke vertrek in u huis

"Alhoewel Pres-Les oor die afgelope 15 jaar beroemd geword het as verskaffers van slaapkamerstowwe en -ontwerpe van die allerbeste gehalte, kan hul reuse-verskeidenheid in alle behoeftes in u huis voorsien."




"Die meeste mense is dol oor die omkeerbare duvetoortreksels, kussingslope en bypassende gordyne van pragtige polikatoenstowwe, maar dit is eintlik die eksklusiewe Pres-Les-satynreeks wat almal gaande het."

Die maklike manier om meubelstowwe te koördineer

"Almal het nie 'n oog vir gekoördineerde ontwerp nie, en baie mense kan hulle dit glad nie voorstel nie in hul eie huise nie. Maar u sal sien hoe maklik dit kan wees wanneer u 'n Pres-Les-partytjie bywoon.

In die gerief van u eie huis of saam met vriende sal u sien hoe u drome bewaarheid kan word."

Daar is Pres-Les-drome vir elke vertrek, in elke huis, plus die droom-slaapdragversameling



Waarborg tot 15 jaar

“Wanneer jy ’n produk regstreeks verkoop, voel jy baie verantwoordelik. Jy weet dat jou vriende voortdurend na jou sal terugkom vir advies, diens, nuwe produkte ens. Dit is dus gerusstellend om te weet dat Pres-Les-produkte van die allerbeste gehalte is – en tot 15 jaar gewaarborg word.”

Pasmaak-diens om enige

ongewone fatsoen of grootte te pas

“U het natuurlik al van ’n ronde bed gehoor, maar ek het al heelparty ongewone fatsoene in my tyd gesien. Dis lekker om te weet dat Pres-Les ’n vinnige pasmaak-diens bied wat vir enige fatsoen of grootte voorsiening maak.”



en gekoördineerde ontwerpe vir badkamers

Geen deposito. Geen rente.

“Pres-Les bied u ’n omvattende verskeidenheid betalings- en finansieringsplanne. U kan kies uit kontant met afslag of 6 maande om te betaal sonder deposito en sonder rente, tot maklike 12-, 18- of 24- maande-afbetaling. Indien u dit verkies, is kredietkaartgeriewe ook beskikbaar om u te help om u drome met Pres-Les te verwesenlik.”

Indien u graag ’n Pres-Les-partytjie wil bywoon of ’n eksemplaar van ons Droomboek verlang, skryf asseblief aan Pres-Les, Castorweg, Lansdowne, 7764, of skakel, Transvaal (011) 537849, Kaapstad (021) 717050, Natal (031) 3018165, Port Elizabeth (041) 543237.



As u weer na ’n partytjie uitgenooi word, maak seker dat dit een van ons s’n is.

Pres-Les
Min-moeite linne


’n Afdeling van  Classic (Edms.) Bpk.

kant om te slaan en te stik. Ryg rek deur mousome. Vou strook vir knoopproset oor breedte en stik kort sye met regte kante op mekaar. Vou oor lengte en ryg in so styf moontlik. Werk voor aan hemp vas. Trek knoop oor met groen materiaal en werk vas in middel van roset.

NA BLADSY 122



SLEUTEL TOT DIAGRAMME 1 blokkie = 2,5 cm.



Uit 'n sprokie

VAN BLADSY 121

BALLERINA

Benodigdhede: 2 m pers materiaal; 6 m pers tulle; bypassende gare; 2 m lint (1 cm breed).


Mate: Sal 'n kind van 5 tot 6 jaar pas.

Natrek van patroon: Die patroon bestaan uit een deel: voor- en agterpant van die bolyf. Naattoelating is 1,5 cm.

Uitlê van patroon: Knip romp so uit: 2 m x verlangde lengte; knip een keer uit materiaal en 6 keer uit tulle.


Bolyf: Speld papierpatroon vas en knip twee keer uit met middelvoor op vou. Een dien as voering.

Aanwysings: Stik pylmate in bostuk en voering. Stik bostuk en voering, met regte



SLEUTEL TOT DIAGRAMME



1 blokkie = 2,5 cm.




DECON

GESNIITE

WEDKOLIE



Rooihuid se onderbaadjie



kante op mekaar, by middelagter en boonste rand vas. Keer regte kant na buite en pars.

Stik middelagternaat van elke laag van romp toe. Plaas op mekaar en ryg in om bolyf te pas. Plaas boonste rand van romp op regte kant van bostuk en stik op naatlyn (romp word dus op die regte kant van die bostuk gestik). Dit vorm 'n effense val en verhoed ook dat die harde tulle die kind se lyf krap. Werk linte vas vir skouerbandjies. Werk drukkertjies agterop om vas te maak. Trek lae tulle van mekaar sodat dit gepof staan.

WINTER DIE DECON KAPSULES ALOMVERLIGTING VAN VERKOE & GRIEP



As jy dié winter verkoue kry, neem DECON Kapsules. Maar onthou, dit werk die heel beste as dit reeds by die eerste teken geneem word, soos 'n gesnuif of selfs net 'n nies. DECON is die verkoue-en-griep-kapsule vir alomverligting. Dit speel doeltreffend klaar met 'n loopneus, oë wat traan, lyfseer en ander griepsimptome. Moenie kanse waag nie en moenie uitstel nie. Maak seker jy het DECON Kapsules byderhand wanneer verkoue en griep toeslaan. As jy dus volgende keer alomverligting van verkoue en griep wil hê, neem DECON Kapsules. Slegs by apteke verkrygbaar.

DECON KAPSULES. Alomverligting Van Verkoue & Griep.